Geagte Affiliasievoorsitters / -Sekretariaat

Ontvang hiermee die reggestelde Regulasies van die registrasiegeld vir voertuie in die Noordwes Provinsie. Let daarop dat die datum van die regstelling 29 Januarie 2019 is. Daar word verskeie flou verskonings aangebied waarom dit nie tydig gedoen is nie ten spyte van Agri NW se versoeke en kommunikasie om dit spoedig af te handel na die toepassing van die foutiewe registrasiegeld deur plaaslike Lisensiekantore in 2018.

Die Departement van Vervoer het voete gesleep en verskeie probleme vir voertuigeienaars spruit hieruit voort:

1. Sommige persone het van die begin af die gevraagde foutiewe nuwe tariewe betaal om hul lisensies te kon hernu. Dit was slegs bekostigbaar en moontlik indien die bedrae laag en die aantal voertuie min was en elke voertuig betaal is. Dit was veronderstel om slegs 'n 7 persent verhoging op die vorige lisensiebedrae te wees, maar is foutiewelik baie hoër aangepas.

Skynbaar is daar nou vorms beskikbaar by die Lisensiekantore om foutiewe lisensiegeld terug te eis wat volgens die Departement se woordvoerder in kontant terugbetaal word. Agri NW het hierdie vorms aangevra van die Departement om produsente hiermee behulpsaam te wees. U word dringend versoek om die name van persone wat hiermee sukkel en nie gehelp word deur plaaslike Lisensiekantore nie se name onverwyld aan me Hessie Botha by Agri NW-Hoofkantoor deur te gee. Meld asseblief die voorletters en van en kontakbesonderhede van die produsent, aard van die probleem en watter Lisensiekantoor betrokke is.

2. Tweedens kon sommige produsente nie die verhoogde lisensiegeld betaal nie vanweë die foutiewe berekening, groot aantal voertuie en buitensporige bedrae. Hulle kon ook nie net spesifieke voertuie hernu nie omdat hul in elk geval nie die skyfies kon ontvang tensy al die lisensies van al die voertuie betaal is nie. Vanweë die tydsverloop het boetes nou opgestapel wat die lisensiekoste in totaliteit in sommige gevalle selfs verdubbel het. Dit is nie die nalatigheid van die produsent nie, maar wel die van die Departement wat nie tydig regstellings gemaak het nie.

Produsente wat hiermee opgesaal sit moet ook dringend die besonderhede na Agri NW deurstuur.

Ons maak staat op jul samewerking en ondersteuning met die terugvoering om die probleme te help oplos. Verskeie aksies vanaf Agri NW is reeds aan die gang.

Navrae kan gerig word aan: Boeta du Toit by selfoonnommer 082 388 1722.

Agri NW-Groete.

Boeta du Toit
Uitvoerende Hoofbestuurder Agri NW